

**31 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 19:47-20:26**

**Fokusgedeelte: Lukas 20:19-26**

### **God wil orde in die samelewing hê**

Die Here Jesus word deur die geheime agente van die Skrifgeleerdes en priesterhoofde met 'n vraag uitgelok. As Hy sê dat die volk nie belasting hoef te betaal nie, sou die priesterhoofde Hom by die owerheid gaan verkla. As Hy sê dat die volk belasting moet betaal, sou Hy by die volk – wat die Romeinse heersers so gehaat het – in onguns kom.

Die agente wat Hom in die strik moes lei, haal die muntstuk te voorskyn. Ook hulle gebruik die keiser se geld en erken dus sy gesag. En die Here sê: *"...gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort..."*.

Vir die fanatiese Jode was dit egter óf God óf die keiser. Daarom voeg die Here Jesus dadelik daarby: *"...en aan God wat aan God behoort"*. Hiermee kanselleer Hy nie die reg van die keiser nie – Hy bring dit net in breër perspektief. Die mag en reg van die Romeinse keiser is geen bedreiging vir God se mag nie. Dit is moontlik om in hierdie wêreld onder gesag van heidene te staan en tog nog voluit onder gesag van God te staan. God wil orde hê. Hy laat dus in sy regering heidene toe om op aarde te regeer, maar Hy sal van hulle ook verantwoordelikheid eis.

Hiermee sny die Here Jesus die revolusiepad vir die gelowige af. God wil orde hê. Hy leer ons 'n ordelike, opbouende gesindheid in die samelewing.

Sing: Psalm 9:5

Ds PA Odendaal (Evander)